# DIE SKIETLOOD

230e Uitgawe 20 September 2024
saam met Koersvas 230

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS TEKS:**

**Vraag 1**: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

**Antwoord**: Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe (*Romeine 14: 8*) nie aan myself (*1 Korintiërs 6: 19*) nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort (*1 Korintiërs 3: 22; Titus 2: 14*). Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal (*1 Petrus 1: 18, 19; 1 Johannes 1: 7; 2: 2, 12*) en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos (*Hebreërs 2: 14; 1 Johannes 3: 8; Johannes 8: 34-36*). Hy bewaar (*Johannes 6: 3; 10: 28; 2 Tessalonisense 3: 3; 1 Petrus 1: 5*) my op so 'n wyse dat, sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie (*Matteus 10: 30; Lukas 21: 18*). Alles moet inderdaad tot my saligheid dien (*Romeine 8: 28*). Daarom verseker (*2 Korintiërs 1: 22; 5: 5; Efesiërs 1: 14; Romeine 8: 16*) Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe (*Romeine 8: 14; 1 Johannes 3: 3.*).

**Kommentaar**:

Die vele teksverwysings was nie in die eerste uitgawe van die Heidelbergse kategismus opgeneem nie, Indien die teksverse almal aangehaal moet word en eksegeties by die stelling motiveer word, sal hierdie kommentaar te lywig raak. Die Bybelverse verwysings word derhalwe aangedui as deel van die teks (in kleiner druk) sonder om op die tekste of die eksegese in te gaan.

*Vraag:* Hierdie gelade vraag moet net eers beskou word. Enigste - *unica* in Latyn. Die eksklusiewe aard van dit wat volg, word beklemtoon, daar is nie meer as een- nie, daar is nie geen nie, daar is net een-, unieke troos. Hou verband met uniek. Daar is nie ander vorme of opsies ten opsigte van troos nie. Lewe en dood, met ander woorde dit moet bestaan en einde van bestaan oorspan. *Consolatio* in Latyn - Troos. Die Engels vertaal dit soms met 'comfort'. Die betekenisveld moet toegespits word op troos. Die WAT stel: *troos I* ***ww****. vertroos, opbeur, bemoedig, aanmoedig, moed inpraat, met moed besiel, nuwe krag en moed gee, versterk, verkwik, opvrolik, opwek, opfleur, ondersteun, onderskraag, bystaan, gerusstel, omhels, omarm, simpatie hê, simpatie toon, simpatiseer met, simpatiek wees, medelye betuig met, smart lenig, ellende lenig, begrip toon vir, liefdevol behandel, liefhê, liefde bewys aan, vriendelik behandel, vriendskap betoon aan, hoop gee, hoopvol maak, verbly, bly maak, vervrolik, gelukkig maak, tevrede stel, iemand 'n riem onder die hart steek, iemand 'n hart onder die riem steek, iemand aan die hart druk.* **II s.nw.** *vertroosting, bemoediging, aanmoediging, opbeuring, verblyding, opvroliking, opkikkering, hartversterking, hartsterking, hulp, hulpverlening, verligting, versagting, ondersteuning, onderskraging, konsolasie, trooswoord, 'n riem onder die hart*

*Antwoord:* Die beste manier om troos te verstaan, is as die eindproduk van 'n proses waarin die slegte en die goeie teen mekaar afgespeel/opgeweeg word. In die proses is dit belangrik om die goeie deeglik te oorweeg sodat dit as

gewaarmerkte "goed" verstaan en toegepas kan word. Die resultaat van hierdie redelike proses is dat dit die slegte in ons lewens versag en draaglik maak, sodat ons dit geduldig verdra en deurleef. Dit is derhalwe baie belangrik dat hierdie "goeie" wat oorweeg word, proporsioneel sterker moet wees as die bose waarteen dit opgeweeg word. Op die weegskaal van die lewe moet die goeie waarmee dit gekontrasteer word, in hierdie geval, meer weeg as enige aspek van die bose, of meer weeg as selfs al die bose dinge gekombineerd. Die feit dat ons hier nou met sonde en die ewige dood te make het, maak dit noodsaaklik dat die "goeie" die hoogste "goed" moet wees om werklik swaarder te kan weeg as sonde en ewige dood. Buiten die Woord van God, is daar amper soveel voorstelle en sisteme as wat daar mense is. Genot (sensueel of anders), wysheid, goeie dae, askese, rykdom, die ewige Idee (Plato);' daar is baie antwoorde. Al hierdie voorstelle stuit egter by daardie groot oomblik van oorgang. By die heining van die dood kom niks verby nie. Nie eens die hoogste deug kan die dood oorwin nie. Selfs binne die parameters van geloof kan mense hulle troos gaan vind in 'n deug eerder as Christus; dit eindig altyd by die dood. Nie goeie dade (Jode, Moslems, Roomse gelowiges) of rituele en ekstase ( Roomse kerk, Charismate) kan verby die vestings van die dood beweeg nie. Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat net die hoogte "goed" sal deug in ons soeke na standvastige troos. Dit vind ons in die enigste bron buite hierdie menslike verganklikheid - God. God openbaar Sy wil aan ons deur Sy Woord. Dit is met ander woorde in die Bybel waar ons die antwoord op hierdie knaende vraag sal vind.

Ons enigste troos bestaan daaruit dat ons sonde vergewe is, dat ons saak met God deur Christus reggestel is en dat ons geduldig op de ewige lewe wag as gewaarborgde eindbestemming. Ons behoort so aan Christus, ons is soveel Sy eiendom dat Paulus in Romeine 8 kan uitroep: " *Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here*".

Ursinus onderskei tussen aspekte (onderdele) van hierdie sekerheid wat ons in Christus het.

a) Ons is deur Christus met God versoen op so 'n wyse dat ons nie meer vyande genoem word nie, maar kinders van God. Ons behoort nie meer aan onsself nie, ons behoort aan God.

b) Die versoening met God deur Christus geskied deur Sy bloed, dit wil sê langs die weg van Sy lyding, sterwe en opstanding. Op die manier het Hy die volle prys vir ons sonde betaal. Daar is geen uitstaande skuld nie, geen toegevoegde taak of opdrag nie, die volle geregtigheid het geskied.

c) Om van die jammerdal van sonde en dood verlos te word, beteken nie net dat Jesus ons met God versoen het nie, maar dat ons ook van die bose en die duiwel se mag bevry word. Ons was God se vyande weens ons sondige aard, maar is nou in 'n nuwe vyandskap betrokke, hierdie keer met die duiwel, sonde en dood. Die duiwel het nie meer mag oor ons nie.

d) Hierdie versoening en verlossing wat saam met alle ander voordele ingesluit word in die verdienste van Christus, word konstant deur God bewaar. Ons is Sy eiendom en dit is Hy wat so oor ons waak

dat Hy selfs weet wanneer ons 'n enkele haar verloor. Ons behoud is nie in ons swakke hande nie; dit is in God se hande.
e) Daar is meer as net ons behoud wat dien as troos. Die bose wat ons wel tref, werk ons ten goede mee. In God se hande word elke terugslag 'n groei geleentheid. Ons hoor dit in die doopformulier en ons lees dit in Romeine 8:28 "*Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is*. "
f) Ons word op verskillende maniere verseker van ons verlossing en die ewige lewe. Ons word deur die getuienis van die Heilige Gees, ons bekering en daaglikse inkeer oortuig dat ons aan God behoort en dat Hy Sy eiendom beskerm. Daarmee saam is ons inkeer en daaglikse stryd teen sonde, bewys van ons diepste verbintenis om die nuwe werklikheid uit te leef. Ons streef daarna om al God se gebooie gehoorsaam uit te lewe. Ons doen dit omdat ons oortuig is van God se ewige liefde en van God se getrouheid aan Sy beloftes wat ons ter wille is. Ons is in Christus met God versoen en Hy hou ons in daardie bevoorregte posisie.
In kort kan ons stel dat ons enigste troos in alle omstandighede daarin bestaan dat ons Christus se eiendom is. Alles wat Christus vermag het, word in genade aan ons gegee omdat ons in Hom is.
Dit is 'n ewige troos wat bo die tydelike van die menslike bestaan uitstyg. Wat beteken hierdie laaste stelling; waarom is dit werklik die ENIGSTE TROOS?
God is bo en buite tyd - God is ewig. Tyd en daarom selfs dood is aan tyd gebonde. God is soveel groter as selfs die dood. Ons behoort aan God - God wat ewig is. In Christus styg ons met ander woorde bo tyd uit.

In Christus styg ons ook bo die tydelike uit. Die Satan gebruik verskillende tydgebonde argumente om ons te probeer losmaak van God. Besware soos die volgende; jy is 'n sondaar, jy is God se vyand, jy sal beslis sterf, baie slegte dinge gebeur met jou en deur jou. Twyfel word gesaai deur stellings soos; wat as jy uit die genade uitval? Wat daarvan as God se genade nie vir jou bestem is nie en jy buite God se genade bestaan? Is jy dalk iemand wat nie ware geloof het nie? Dalk is jou geloof te swak en jou bekering nie volledig nie?
Op hierdie vrae - wat gestel word om twyfel te verwek - kom daar duidelike antwoorde wat hierdie twyfel weerspreek: Christus het met Sy bloed my vrygekoop en ek behoort aan Hom. Ek is meer as met God versoen, ek is in Christus nou God se kind. Dood is nou net 'n tydelike toestand, ek is klaar die ewige lewe deelagtig in Christus. Enige ramp wat my nou tref gaan my net 'n beter mens in Christus maak. Christus self gee aan my die uithouvermoë wat my deur hierdie lewe dra, selfs daar waar ek in oomblikke van swakheid sondig. My saligheid is nie in my gevoelens of twyfel geanker nie, maar is verseker in Christus wat bo tyd en ruimte uitstyg. My gewete en my strewe na God dien as genoeg van 'n versekering dat my saligheid gewaarborg is.
Ons vastigheid in die geloof kom uit ons gerigtheid op Christus, nie uit eie oortuiging, denke of gevoel nie.
Die sekerheid wat ons het van ons saligheid, dra ons deur elke aanvegting en versoeking wat ons mag tref. Ons word telkens herinner daaraan dat ons nie in eie krag veg nie, maar dat **ons in Christus vasstaan in ons saligheid**.